



Dag 15 – Jesus word gekruisig

(Vrydag)

Maak jou oë toe. Raak stil en fokus op jou asemhaling. Haal drie keer lekker diep asem en blaas stadig uit. Wikkel jou tone, wikkel jou regterduim, dan jou linkerduim. Rol jou skouer drie keer vorentoe en drie keer agtertoe. Maak jou linkeroog oop; maak jou regterooë oop. Sit gemaklik en wikkel al die wikkels uit.

Woord: Johannes 18:28 – 19:42

(video van storie ook beskikbaar by: <https://www.bible.com/af/kids>)



Nadat Judas Jesus verraai het, het die wagte Jesus na die huis van die hoëpriester geneem om verhoor te word. Pilatus het Jesus ondervra en kon hom nie aan enige misdaad skuldig vind nie. Die mense het egter aangedring daarop dat Jesus doodgemaak moes word en geskree: "Kruisig hom! Kruisig hom! Pilatus het Jesus oorgegee aan die skare.



Jesus is geslaan met leertoue en 'n doringkroon is op Sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel omgehang omdat dit die kleur van die koning was. Hulle het met hom gespot en hom gespoeg.

Jesus moes self Sy kruis dra met sy seer lyf. Simon het later vir Jesus gehelp om die kruis te dra.

Jesus het gebid terwyl Hy aan die kruis hang. "Vader, vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"

Een van die misdadigers wat weerskante van Hom gehang het, het vir Jesus gevra om hom asseblief te onthou wanneer hy in Sy koninkryk kom. Jesus het gesê: "Dit verseker ek jou, vandag nog sal jy saam met My in die paradys wees."

Durbanville Gemeente - Bybelstudie vir families



Teen 12h het Jesus hard uitgeroep: “My God, my God, waarom het U My verlaat?”
Die hele land het pikdonker geword.

Jesus het besef dis verby. Hy was dors en iemand het ‘n spons met suur wyn teen sy lippe gedruk. Toe sê hy: “Dit is nou afgehandel! Vader, in U hande gee Ek my gee oor!” Op daardie oomblik was daar ‘n groot aardbewing en Jesus het sy kop laat sak en gesterf. Dit was vir 3 ure donker.

Die grootste Koning van alle tye, moes aan ‘n kruis sterf om ons te red!

Gesels as gesin oor die volgende vrae

1. Wie het vir Jesus verraa in die tuin?
2. Wie het 3 keer gesê dat hy nie vir Jesus ken nie?
3. Was Pilatus ‘n slegte man? Hoekom dink jy so?
4. Wat het Jesus aan die misdadiger langs Hom belowe?

Gebed

Dankie dat U bereid was om deur soveel pyn te gaan om vir my, U kind, se sondes te sterf.

Help ons om regverdig op te tree teenoor ons naaste.

Aktiwiteit

Ons maak ‘n Paasfeestuin. Jy kan klippies, grond, vetplante, stokkies of enige iets wat jy buite in die tuin kry, gebruik.

